Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 25 Jul 2018
Page: 8

AVE: 47584.27
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Charles Brittain, die jonger broer van die roeisterre Matthew en Lawrence, neem van vandag in Pole vir die SA span aan die Wêreldbyeenkoms in die o.23-roei deel. Foto: REG CALDECOTT

Jonger Brittain ook 'n ster-roeier nes sy broers

Wilhelm de Swardt

Die Brittains kan met reg aanspraak maak daarop dat hulle die adellikes van Suid-Afrikaanse roei is.

In 2012 was Matthew Brittain (Tuks) deel van die "Awesome Foursome" wat 'n goue medalje op die Olimpiese Spele in Londen gewen het. In 2014 het hy saam met James Thompson 'n goue medalje op die Wêreldbyeenkoms gewen.

Lawrence Brittain (Tuks) het die trotse tradisie voortgesit toe hy en Shaun Keeling gedurende die 2016 Olimpiese Spele in Rio 'n silwermedalje gewen het. Wat Lawrence se storie meer merkwaardig maak, is dat hy eers kanker moes oorwin voordat hy vir die Spele kon kwalifiseer.

Roei is ongetwyfeld die Brittain-familie se passie. Pa David het in 1996 net-net nie daarin geslaag om vir die Olimpiese Spele te kwalifiseer nie terwyl Ma Danielle al amper vir 'n dekade die Suid-Afrikaanse roeispan se mediese dokter is. James Brittain (Tuks) het Suid-Afrika al by die Studentewêreldspele verteenwoordig.

Van vandag in Poznan, Pole, sal die jongste broer, Charles (Tuks), die trotse tradisie voortsit wanneer hy aan die Wêreldbyeenkoms in die o.23-afdeling deelneem. Dit is nie die eerste keer dat hy Suid-Afrika verteenwoordig nie. Dit is wel die eerste keer dat hy 'n realistiese kans het om 'n medalje te wen.

Hy en sy spanmaat in die manspare, James Mitchell, het in April beïndruk toe hulle gedurende 'n regatta in Italië twee silwermedaljes verower het. Nog meer indrukwekkend was toe hulle gedurende die Wêreldbekerbyeenkoms in Belgrado sesde in die A-eindronde geëindig het. Dit dui daarop dat hulle realistiese aanspraakmakers op 'n medalje is.

Deur ervaring het Charles geleer vorige uitslae is irrelevant. Hy glo dit wat gebeur het, het gebeur.

"Ons boot is vinnig, maar ek is seker daar gaan spanne wees wat net so vinnig of vinniger as ons by die Wêreldbyeenkoms is. Dit help in elk geval nie om opgewerk te raak oor waartoe die ander in staat is nie. Ons het net een fokus en dit is om wat ons die afgelope paar week geoefen het tot perfeksie uit te voer elke keer wanneer ons deelneem. As ons dit regkry, moet ons 'n kans hê om tot die eindronde deur te dring."

Charles bieg dat wen wel vir hom belangrik is.

"Elke goeie uitslag wat ek al behaal het, motiveer my om nog harder te oefen. Ek dink dit is moontlik om verslaaf te raak aan wen. Hoe meer ek wen, hoe meer wil ek wen want daardie gevoel wanneer jy besef jy was die beste in 'n wedvaart is ongelooflik. Maar jy kan nooit op jou louere rus nie. In roei is daar altyd nog 'n doelwit, 'n wedvaart wat ek wil wen. Ek vat dinge maar stap vir stap."

Volgens die Tuks-roeier was daar nooit enige druk om sy ouer broers na te doen nie.

Op laerskool het hy aan elke moontlike sport deelgeneem. Hy was 'n bedrewe tennisspeler en was 'n bogemiddelde swemmer. Hy het eers ernstig begin roei toe hy by St. Alban's was.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.